

Skriflesing: Luk 17:11-19

Tema: Is jou glas half leeg of half vol?

As kind van die Here, is jou glas half leeg of half vol? En die vraag het niks te doen met drankverkope nie. Dit is so maklik omso te fokus op wat ons nie het nie, op ons glas wat half leeg is, dat ons vergeet wat ons het.

Waar kla ons die lekkerste oor ons swaarkry? Langs 'n braaivleisvuur met 'n redelik duur tjoppie op die kole en 'n koel drankie in die hand. In Pred 2:24 en 25 lees ons dat ook dit genade is: "Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as die Here dit nie moontlik maak nie?"

Is jou glas half leeg of half vol?

Hier is 'n klomp goed in ons land wat regtig erg agteruitgaan. En die armste van die armes ly die ergste daaronder.

Munisipale dienste is op die meeste plekke nie wat dit moet wees. Ek is waarskynlik bederf. Ek is nou 8 jaar in Port-Elizabeth en in hierdie tyd kan ek die aantal kere wat my vuilgoedsakke nie opgelaai is nie, op die vingers van my een hand tel. Sê ek dankie daarvoor en vir hulle wat dit so getrou doen?

Eskom is ook nie wat dit moet wees nie, maar by my huis is die krag 99% van die tyd aan. Ek hoor sommer hoe sommige van julle reeds brom oor hierdie voorbeelde, maar dink weer 'n bietjie of jou glas half leeg of half vol is?

Mense wie se glas half leeg is, het altyd iets oomoor te kla. Hulle kry swaar, hulle "suffer soos tannie Stenie "gesuffer" het.

'n Groot deel van ons kla-kultuur spruit uit die feit dat ons in die tyd van allerlei regte grootword. Skielik is alles my reg. Ek dring daarop aan. Maar as kinders van die Here weet ons dat ons nie regte het nie, net voorregte. Alles, elke asemteug en elke oogknip is 'n voorreg. Ons bely saam in die woorde van die bekende: "Gebed" van Koos du Plessis: Wat ek is, is net genade. Wat ek het, is net geleen."

Voor ek te veel kla oor mense wat kla en dit klink of my glas half leeg is, daar is baie meer dankbare mense wie se glase half vol of eintlik oorvol is. Mense wat bely: "God se genade is vir my genoeg" en dit uitleef. Mense wat die bietjie wat hulle het, met ander deel. Hier is 'n omie in die gemeente wat altyd sê: "Elke dag bo die grond is goeie dag." En ons weet die dae wat hierop volg, is nog beter dae.

Ek woon in 'n redelik besige straat. Voor die pandemie het ek die 08:00 uur munisipale bus baiekeer gehoor voor ek dit gesien het, want die persone in die bus het gesing. Mense wat vroeg opgestaan het en hier in ons opgewing ver van hulle huise kom werk. Ons kan by hulle gaan leer van oorvol glase.

Een van die mooiste liedere waaruit ons baie kan leer van hoe 'n dankbaarheidslewe in moeilike tye soos hierdie moontlik is, is Halleluja 245:1-2:

1. As die lewensstorme woedend om jou slaan,
en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan
tel jou seënninge, tel hul een vir een
en jy sal verbaas wees oor wat God verleen.

KOOR:

Tel jou seëninge, tel hul een vir een,
seëninge jou deur God geskenk!
tel hul almal, kyk wat God verleen,
en jy sal verbaas wees oor wat God jou skenk!

2. As jy ooit gebuk gaan onder sorg en pyn,
as die kruis te swaar word en jou krag te klein -
tel jou seëninge, dan vlug twyfel heen,
en jy sien God's goedheid laat jou nooit alleen!

Kom ons gaan kyk na die Skrifgedeelte. Ons lees in Luk 17 dat 10 melaatse manne Jesus buite hul dorpie ontmoet. Die mensdom word al vir duisende jare, tot vandag toe, deur melaatsheid geaffekteer. Melaatsheid is ook bekend as Leprose. Die siekte se naam is afgelei van die Latynse woord *lepra* wat "skubberig" beteken. Letsels (ligte of donker vlekke) is die primêre sigbare teken van dié siekte. Melaatsheid is vandag maklik behandelbaar. Indien dit egter onbehandel gelaat word, kan melaatsheid permanente skade aan die vel, senuwees, ledemate en oë aanrig.

In teenstelling met oorlewering, veroorsaak melaatsheid nie dat liggaamsdele afval nie. Sekondêre infeksies, wat saamgaan met melaatsheid, kan egter daartoe lei dat ledemate hulle gevoel verloor of besmet word aangesien die liggaam se weerstand verswak is.

Om die Bybelse tyd was die siening dat mense met melaatsheid onrein is. Hierdie siening kom dalk van Levitikus 13:45-46. In die verse voor vers 45 word gepraat van mense met 'n rooierige swelsel. Dit sluit aan by die skubberigheid of vlekke waaroor ons reeds gepraat het.

⁴⁵"Iemand wat 'n velsiekte het wat hom onrein maak, moet geskeurde klere dra en sy hare onversorg laat. Hy moet ook die onderste deel van sy gesig bedek en uitroep: 'Onrein! Onrein!' ⁴⁶Hy bly onrein solank hy die siekte het. Hy moet dan ook in afsondering lewe en buite die kamp bly."

Mense in Jesus se tyd het geglo dat persone met melaatsheid deur God vir hulle sondes gestraf word. Mense met die siekte is as kettters beskou.

Die 10 manne het waarskynlik gehoor dat Jesus siekes genees. Daarom roep hulle na Hom. Ons weet nie of die 10 manne gelowiges was nie, maar hulle was gehoorsaam. Jesus stuur hulle na die priester. Hulle gaan. Dit is eers oppad na die priester dat hulle gesond word.

Een van hulle draai om. Hy was 'n Samaritaan. Die Samaritane het ontstaan toe die Jode in ballingskap weggevoer is. Sommige Jode is agter gelos en hulle het met die vyand ondertrou. Geen ordentlike Jood wou iets met hierdie bastervolk te doen gehad het nie. Die Jode het die woord Samaritaan as 'n vloekwoord gebruik. Die enigste man wat omdraai om te kom dankie sê, is 'n Samaritaan. Jesus ontvang hom met ope arms. Daarmee wys Hy vir die Jode en vir ons dat ons nie mense te vinnig moet oordeel nie en dat almal by Hom welkom is.

Jesus wys ook hier duidelik op die onderskeid tussen tradisionele godsdiens en lewende geloof.

Nege melaatses, waarskynlik Joodse manne, beoefen hul tradisionele godsdiens. Hulle is gehoorsaam. Hulle kom al hulle wette na. Na hulle genees is, gaan hulle tempel toe. Die priester moet hulle rein verklaar. Daarna moet hulle die voorgeskrewe offer bring en dan kan hulle huis toe gaan. Hulle is die eerste melaatses wat genees is.

Hulle het waarskynlik geredeneer dat hulle as Jode deel van die verbondsvolk is. Hulle verdien om gesond te word. Dit is hulle reg. Daarom het hulle niks waarvoor hulle hoef dankie te sê.

Voor ons hulle te vinnig oordeel, moet ons ook maar op ons hoede wees vir tradisionele vormgodsdiens. Ons godsdiens verval so maklik in die afmerk van 'n klomp blokkies. Ek moet gedoop wees, die erediens (al is dit in my eie huis) bywoon en dankoffer gee. Sodoende is my my blokkies afgemerkt en verwag ek van die Here om vir my te sorg.

Die Samaritaan, in kontras hiermee, eindig met 'n lewende geloofsverhouding met die Here. Hy ontvang genesing as geskenk. Hy sien die nuwe lewe as 'n voorreg. Daarom sê hy dankie. Ook ek en jy is van sonde bevry deur die Here. Hy verlos ons van die dood. Hy seën en sorg vir ons. Ons kan tog nie anders as om op sy oorfloed seëninge te reageer met dankbaarheid nie!

Maar hoe lyk so 'n dankbare lewe vandag? In die Heidelbergse Kategismus, een van ons belydenisskrifte, lees ons dat dankbaarheid uit 3 dele bestaan. Leef jy so dankbaar?

1. Bekering.

Bekering is om 'n U draai weg van sonde na die Here toe te maak. Dit is om, soos die geneeste melaatse man, om te draai na die Here en Hom te prys. Dit is om voor die voete van die Here neer te val en Hom te dank. Dit is om, daagliks al meer, oor te gee aan Hom. Om te bid: "Neem my lewe, laat dit Heer, U gewy wees meer en meer."

Dankbaarheid begin nie by 'n besluit om meer dankbaar te wees nie. So 'n besluit sal natuurlik altyd help. Maar dit is eers wanneer ek beheer van my lewe aan die Vader, Seun en Heilige Gees oorgee, dat ek nie anders kan as om 'n dankbare lewe te leef nie.

2. Dankbaarheid word sigbaar in goeie werke

Daar is geen onduidelik watter werke goeie werke is nie. Jesus leer dit vir ons in Matt 22:37-40: ³⁷"Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het. Niks in jou lewe mag vir jou so belangrik soos God wees nie. 'Jy moet ander mense so liefhê asof hulle jy is.' Hierdie twee opdragte vorm die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees."

Goeie werke, gebore uit dankbaarheid, is liefde vir God en vir alle ander mense.

Ons dankoffer is, soos die woord sê, is deel van dankbaarheid. Christelike gemeentes neem nie kollekte op nie. Moet asseblief nie 'n sent vir die Here en sy werk gee as dit nie is om vir Hom dankie te sê nie.

Baie dankie vir julle wat dit wel doen. Ons gemeente kon nie verlede jaar ons tradisionele kermis hou nie. Ons kon ook nie die erediensdankoffer insamel nie. Ons maandelikse dankoffer en tiende maanddankoffer inkomste was ver bo begroting. Soveel so dat die gemeente se state aan die einde van Desember 'n klein surplus toon. Tot nou toe kon ons elke maand steeds die Getuienisaksies en Diens van Barmhartigheid ondersteun soos ons begroot het.

Behalwe vir kos, klere, beddegoed ens wat elke week geskenk word, koop ons gemeente ook elke week R5000.00 se kos vir die mense wat swaarkry in PE-Noord en omgewing. Ons het reeds meer as R138 000 se kos aangekoop. Dit kan alleen gebeur wanneer kinders van die Here dankbaar dien.

Die derde deel van dankbaarheid is gebed.

3. Gebed

Die Heidelbergse Kategismus praat van gebed as die belangrikste deel van dankbaarheid. Ons gee so maklik 'n behoefte lysie in gebed aan die Here. Hoe lyk jou gebed? Ek het al geleer om my seëninge te tel voor ek bid en dan die Here daarvoor te dank.

Dankbaarheid begin by 'n lewe oorgegee aan Jesus Christus. Dit vloei voort uit die besef dat alles, verlossing, lewe, elke oogknip, elke asemhaling 'n stuk genade is. Alles wat ons is en het is 'n genadegeskenk uit die hand van die Here.

Hoe reageer jy hierop? Is jou glas half leeg of oorvol?

Amen